21 Januarie 2024
Aanlyn Erediens

KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Markus 1: 14-20
**Tema :** Goeie Nuus ? Wat, waar, wie en is dit herkenbaar?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"Christians don't simply learn or study or use Scripture; we assimilate it, take it into our lives in such a way that it gets metabolized into acts of love, cups of cold water, missions into all the world, healing and evangelism and justice in Jesus' name, hands raised in adoration of the Father, feet washed in company with the Son."
— Eugene H. Peterson, Eat This Book: A Conversation in the Art of Spiritual Reading

"I don't trust a theologian who dismisses the beauty of science or a scientist who doesn't believe in the power of mystery."
— Brené Brown, Rising Strong: The Reckoning. The Rumble. The Revolution.

"We don't need a list of rights and wrongs, tables of dos and don'ts: we need books, time, and silence. Thou shalt not is soon forgotten, but Once upon a time lasts forever."
— Philip Pullman

"Never be afraid to raise your voice for honesty and truth and compassion against injustice and lying and greed. If people all over the world...would do this, it would change the earth."
— William Faulkner

"Some reliance on tradition can help us establish our aims. It is reasonable to do what other people have always done, unless we have a very good reason not to. It is reasonable to become educated and work and find love and have a family. That is how culture maintains itself. But it is necessary to aim at your target, however traditional, with your eyes wide open. You have a direction, but it might be wrong. You have a plan, but it might be ill-formed. You may have been led astray by your own ignorance—and, worse, by your own unrevealed corruption. You must make friends, therefore, with what you don't know, instead of what you know. You must remain awake to catch yourself in the act. You must remove the beam in your own eye, before you concern yourself with the mote in your brother's. And in this way, you strengthen your own spirit, so it can tolerate the burden of existence, and you rejuvenate the state."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

"This disdain for science and scholarship baffled Muslim commentators, who had great respect for Ptolemy and Euclid, for Homer and Aristotle. Some had little doubt what was to blame. Once, wrote the historian al-Mas￼ūdī, the ancient Greeks and the Romans had allowed the sciences to flourish; then they adopted Christianity. When they did so, they 'effaced the signs of [learning], eliminated its traces and destroyed its paths'. 92 Science was defeated by faith. It is almost the precise opposite of the world as we see it today: the fundamentalists were not the Muslims, but the Christians; those whose minds were open, curious and generous were based in the east – and certainly not in Europe."
— Peter Frankopan, The Silk Roads: A New History of the World

"Joy is based on the spiritual knowledge that, while the world in which we live is shrouded in darkness, God has overcome the world."
— Henri Nouwen

"As the two bullets left the chamber of Princip's Browning revolver, Europe was a continent of empires. Italy, France, Austro-Hungary, Germany, Russia, Ottoman Turkey, Britain, Portugal, the Netherlands, even tiny Belgium, only formed in 1831, controlled vast territories across the world. At the moment of impact, the process of turning them back into local powers began. Within a matter of years, gone were the emperors who had sailed on each other's yachts and appointed each other to grand chivalric orders; gone were some colonies and dominions overseas—and others were starting to go in an inexorable progression to independence."
— Peter Frankopan, The Silk Roads: A New History of the World

"Compassion is the sometimes fatal capacity for feeling what it is like to live inside somebody else's skin. It's the knowledge that there can never really be

ny peace and joy for me until there is peace and joy finally for you too. ”
— Frederick Buechner

**Wilhelm Jordaan: In só ’n huis is die afskeid en vertrek veilig**

In die lewensloop is deurgangsrites onvermydelik – dit is die noodwendige oorgange in jou leefbeurt, in dié van jou kinders en wat, as jy oud genoeg is, weer en weer in jou kleinkinders se lewe gebeur.

Soos dit dié tyd van die jaar die geval is in baie ouerhuise se “eerste keer” – klein skooltjie toe, skool of universiteit toe; of huis verlaat vir ’n eerste werk, enso(vertrekkend)voort.

In alle gevalle is dit eiesoortige nuut-beginners op die drumpel van ontdekking; met ouers en grootouers wat hulle stilletjies met blink oë herinner aan die onlangse of lank gelede van hul kinders se lewenstreë. Saam daarmee die gelyktydige trots, weemoed én vreugdes oor die “leë nessie”.

Soos ’n ma dit beleef en vertel:
“Het hy ten minste oor mý gehuil. Het hy ten minste aan mý vasgeklou. Maar met ’n kalm, lewenswyse glimlag is my krulkop-blouoog-seun, vir wie ek tien jaar moes wag, skool toe. Juffrou toe.

“Met ’n trooskoppie tee . . . wag ek vir die salige gevoel – die huis uiteindelik weer vir myself. Maar dit kom nie. In plaas daarvan lê die geroeste klein rooi fietsie nou eenkant, die hond het nie duurte nie en val elke nou en dan in ’n ander plas skaduwee . . . Ek sit met ’n hart vol onkeerbare heimwee. Te gou, dink ek. Te gou. Ek wou nog ’n vuil mondjie afvee, knopies vasmaak, moddervoetjies uitjaag, maar die krulkop het onder my hande uit grootgeword, kop en skouers bo al sy maters . . .

“Maar ek maak ook met vreugde my gebed én juiglied: Vannag roep die wind hosanna / in die hoë en wydgespreide / takke van ons palmboom / my seun, my seun / jy is vir my God se manna / Hosanna! / Hosanna!”

In sulke tye wonder baie ouers of hulle vir ’n kind of kinders ’n tuiste geskep het waarin die warmte van geborgenheid gebeur het; waar stiltes verdryf is in ’n huis vol dreunende gesprek; met babageluidjies, laerskoolstuitighede, tienerkoppigheid, adolessente bravade, stampe en stote en diepsinnige redenerings. Want in huise as tuistes volvoer pa’s en ma’s in ’n enkele dag (en nag) beurtelings die repertoires van ’n Don Quixote, ’n Florence Nightingale, ’n Sokrates én die kaperjolle van verspotte volksnarre.

Daar word pyn beleef, trane gestort, geraas, gerig, vermaan, gebid, gespot, geterg, gelag en liefgehê. Huis word ’n alles-in-een – kleuterklas, skool, hospitaal, herberg, halfweghuis, liefdesbed, regbank, universiteit, sirkus, ouetehuis, basaar, mark, altaar, kerk en sportveld. Dit alles om kinders voor te berei om ’n vlammende, woedende wêreld te trotseer en waardig te bestaan.

Só gesien hoort huis as tuiste tot die klein geheimenisse van menswees – ’n haas onverstaanbare verbondenheid van mense wat saam ’n “familiesaak” is en nie die ontroering daarvan mooi begryp nie, maar nogtans daaruit leef. Waar dít gebeur, word huis ’n plek waar mense hul weerbaarheid en weerloosheid aan mekaar skenk.

So word huis maaksel en maker van outentieke menswees. Wie so ’n huis het, het ’n lewenslange tuiste wat die herhalende deurgangrites van afskeid en vertrek veilig maak. ( Netwerk24)

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Anton van Niekerk: Kan godsdiens ’n oorlog keer?**

Is die godsdiens ’n tersake krag ter bestryding van oorlog?

Daar is diegene wat aanvoer dat nasies of groepe nie anders kan nie as om (militaristies) te “veg vir vrede” – natuurlik ’n oksimoron!

Ons behoort na enigiets te gryp om oorlogsgeweld te vermy. Dit roep onder meer die vraag op na die rol van die godsdiens in die vermyding van oorlog. Of godsdiens oorlog kan keer, is sowel ’n empiriese as ’n morele vraag.

Die eerste Christene kom weliswaar sleg daarvan af as vredestigters. Hulle was, soos hul eerste konkurrente (die Jode), monoteïste in die politeïstiese Romeinse ryk, en stuur daarmee die idee die wêreld in dat al die ander antieke gode geen legitimiteit het nie – en dat die hele wêreld “gekersten” moet word. Vandaar die vervolging van die vroeë Christene.

Die sentrale figuur in die Christendom – Jesus van Nasaret – is daarby nie iemand wat, met ’n eerste oog¬opslag, wêreldvrede propageer nie. In Mattheus 10:34-39 is Jesus uitgesproke daaroor: “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die

swaard." Dink aan die omarming van geweld in die verloop van die Christendom: die Spaanse Inkwisisie, Calvyn wat die "ketter" Servet se teregstelling goedpraat, die Noord-Ierse konflik, ensovoorts. Dinge het weliswaar verander. In 313 n.C. verleen keiser Konstantyn regstatus aan die Christendom (nie omdat hy self waffers gelowig was nie, maar omdat hy meen dat dit stabiliteit in die ryk sal bevorder).

Natuurlik is dit nie slegs die Christendom wat met geweld en oorlog verbind word nie. Islam is van meet af 'n militante godsdiens; die profeet Mohammed – in vele opsigte 'n vroom en ruimhartige man – voer leërs aan wat Islam met geweld vestig.

Tog is daar 'n ander kant van die verhaal. Wie godsdienste slegs van geweld- en oorlogstigting beskuldig, ontken die volle prentjie van die geskiedenis. Dink aan die vermenslike invloed wat sendelinge in kontinente soos Afrika en Suid-Amerika ingedra het.

Stig godsdiens vrede? Die betoog tot nou maak 'n positiewe antwoord nie maklik nie. Trouens, intellektuele soos Richard Dawkins is al hoe meer uitgesproke daaroor dat godsdiens 'n gevaarlike verskynsel is waarteen kinders beskerm moet word. As ons wegkyk van die empiriese na die morele vraag, kies ek die kant van dié wat glo dat godsdiens – met name die Christelike geloof – 'n vredestigtende krag in die wêreld is en behoort te wees.

Godsdiens kan vrede stig as dit ophou om voor te gee dat dit absolute waarhede verkondig wat met lewe en liggaam verdedig moet word, en as dit die agenda van die vermensliking van die wêreld sy eie maak – 'n agenda wat deur die meeste godsdienste gedeel word, en wat dus vereis dat ons wegkom van die idee dat een godsdiens 'n monopolie op die waarheid het. Die Christendom verkondig 'n God wat mens geword het, en wat die geweld van ons historiese boosheid gedra en oorwin het in die kruisverhaal.

Charles Colton skryf: "Men will wrangle for religion; write for it; fight for it; die for it; anything but live for it." Ons uitdaging is om op te hou om te baklei en te verdeel en selfs te sterf vir die geloof, maar om 'n keer só te leef dat ons "lig so . . . skyn dat die mense julle goeie werke sien" (Mattheus 5:16).

Anders gestel: Ons moet ophou met die obsessie om van mense Christene te maak, en eerder begin om van Christene mense te maak (apologie aan Johan Degenaar). Dan sal die vrede wat die geloof stig, sigbaar word in die wêreld.

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*